

21 Oktober

Skrifgedeelte: Kolossense 1:9-14  
Fokusgedeelte: Kolossense 1:9-12

### 'n Blaadjie uit Paulus se gebedeboek

Luister hoe bid die apostel Paulus en sy medewerkers vir die gemeente in Kolosse en leer daaruit hoe om vir jousef, jou kinders, katkisanter en ander te bid.

Heel eerste dank ons God vir ons geloof, liefde en hoop en die vrug wat ons in hierdie wêreld tot sy eer mag dra (1:3-6). Selfs al is daar nog maar net 'n klein bewys daarvan, dank ons Hom daarvoor. Dankbaarheid skep 'n ruimte in ons hart wat ons help om soos Paulus vir ander voorbidding te doen. Maar hoe?

“Onophoudelik” / “hou ons ook nie op” (vs 9). Dit wil nie sê dat ons 'n gebedsketting moet vorm om dit letterlik te doen nie. Dit beteken gewoon dat ons dit gereeld en getrou doen – toegewyd. Wat 'n voorreg om as *getuie* van Jesus ook 'n *toegewyde voorbidder* vir ander te wees. Om daarmee te kan volhou, moet ons vir die regte dinge vra.

Watter soort dinge behoort ons dan te vra, volgens hierdie voorbeeld van Paulus-hulle? Ons behoort te vra ...

- om met insig en wysheid wat die Gees gee, te verstaan wat God se wil is (vs 9).
- dat ons optrede gevolglik sal pas by Christus en God sal behaag (vs 10).
- dat ons goeie werke sodoende werklik goeie vrugte sal oplewer (vs 10).
- om, terwyl ons dit doen, steeds te groei in ons kennis van wat God doen (vs 10).

Maar dis nie al nie, ons het ook krag nodig ...

- m in alle omstandighede *geduldig* te volhard; o
- n om die Vader met *blydskap* te dank, omdat ons nou al die versekering ontvang het dat ons 'n aandeel het in sy ewige koninkryk. e

Dink na oor elkeen van hierdie dinge, dank en bid God daarvoor en beleef self hoe Hy jou verhoor.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. JA Schutte (Sasolburg)